
In samewerking met Bybel Media –
fondsinsameling vir bybelstudiegids
verspreiding in gevangenisse

# 2019

# ATLETE VIR CHRISTUS



# INHOUDSOPGAWE


Spanlied 3
Atlete-lied
Wie is ons? 4
Toer roete 5
Kontakbesonderhede 6
Boodskap deur toerpa 7
Interaksie met gemeente 7
Span Inligting 8
- Leiers
- Busbestuurder
- Atlete
- Sanggroep
- Persoonlike werkers

Toer kaleidoskoop 11
Sanggroep repertorium 13
- No Longer Slaves
- Soos 'n Wildsbok
- Nader my God by U
- Aandgesang
- Come Holy Spirit Uthando
- U's my God


## Formele Program

1. Bekendstelling van die span
2. 'n Dag op Atlete
3. Sangspan optrede
4. Persoonlike Getuienis
5. Boodskap deur die Toerpa
6. Interaksie met die gemeente
7. Spanlied

# Spanlied

I know where I'm going and I know
Who's going with me

I know Who writes the music in the stillness
of the morning

I found a wealth of gold and silver have I
plenty

I have a Light to guide me when the road
is dark and stormy

Where are you going? Who will walk beside
you?

When the night is gloomy, where is
the Light to guide you?

And where's your gold and your silver brightly
shining?

Who writes the music in the stillness of the
morning?

I'm going where He goes and He'll be there
beside me

The love for which He died is all I need to guide
me

And He's my gold and my silver brightly shining

He writes the music in the stillness of the
morning

Ek wil vir U dank Heer vir U liefde en U genade

U is 'n troue Leidsman en beskerm my teen
gevare

U is die Weg, die Waarheid, die Lewe - U is my
vrede

Help my om U te volg Heer, in 'n wêreld vol
probleme

U is 'n sterke Rots: Aan U kan ek my lewe gee

Maak my aan U gehoorsaam om te wandel in U
weë

U is getrou, regverdig en almagtig

U ken my hart Heer, daarom bid ek om U seën

**Amen**

# Atlete lied

Ons maak ons los van wat agter is

En strek ons uit na voor

Met U sal ons die wedloop nooit
verloor

Ja, voor U buig ons neer, U's ons
Skepper, U's ons Heer

Daarom sing, gesels en draf ons
tot U eer

**Koor:**

Ons is Atlete vir Christus ons is
hier om U te dien

Maak ons bereidwillig, maak ons
oë oop om te sien

Sodat ons U naam kan uitdra,
U Woord te kan verpsrei

Met nederigheid en liefde, en U aan
ons sy

Elke las gooi ons af Heer, elke
sonde wat ons keer

Om U te dien en ander ook te leer

Met volharding wil ons hardloop,
net by U kry ons die krag

Daarom sing, gesels en draf ons
elke dag

Heer met passie wil ons U navolg

Met ons lewens aan U gewei

En ons doen dit met die wete

U't vir elk van ons gely

**[Koor herhaal]**



## WIE IS ONS?



Ons is 'n groep van 22 Maties (studente aan die Universiteit van Stellenbosch) wat vanjaar vir die 45ste keer sedert die ontstaan van die groep in 1975 uitreik na ons naaste.

**Ons doel is tweeledig:**

1. Om God die Vader, Jesus Christus Sy Seun en die Heilige Gees te verkondig soos in ons leuse vervat is: "Ons hardloop, sing en gesels Christus."
2. Om fondse in te samel vir die evangelisasiewerk wat Bybelmedia in Suid-Afrikaanse gevangenisse doen.

Vanjaar se span bestaan uit 10 atlete, 'n sangroep van 7 lede, 4 persoonlike werkers en 2 toerpas wat mekaar aflos. Elke lid vervul 'n unieke daaglikse taak op 'n tipiese toerdag, waartydens die atlete die afstand tussen die betrokke dorpe op 'n aflosbasis aflê en die sangspan saans optree.

Daar word daagliks Bybelstudie gehou, wat gelei word deur die toerpa, ondersteuning aan atlete gebied en indien moontlik 'n gevangenis of ouetehuis besoek. Saans het ons sangspan 'n optrede by ons gasheergemeente, dis ook tydens die geleenthede waar die toerpa 'n boodskap bring en 'n spanlid 'n persoonlike getuienis met die gemeente deel.

Ons gebed is dat ons Jesus se liefde sal uitleef en ander inspireer om God Ons Vader te loof en prys! Baie dankie vir u teenwoordigheid, belangstelling en ondersteuning.

AHOE! (Aan Hom Ons Eer)

**KONTAKBESONDERHEDE:**

Angelique Olivier: 084 795 7685
Henri Blignaut: 079 885 0587
Epos-adres: avc@kruiskerk.com
Webtuiste: www.kruiskerk.com/avc/
Instagram: atlete_4_christus
Facebook: Atlete Vir Christus Fans

**Bydraes vir evangelisasiewerk kan gemaak word aan:**

NG Kerk Stellenbosch
Nedbank, Business Winelands
Rek: 1498043232 (Tjek)
Takkode: 149821
Verwysing: Borg AvC





## TOER ROETE



| Week 1 | Oorslaap-dorp | Week 2 | Oorslaap-dorp | Week 3 | Oorslaap-dorp |
|---|---|---|---|---|---|
| 27-30 Junie | Paterson | 8 Julie | Prins Albert | 15 Julie | Struisbaai |
| 1 Julie | Paterson | 9 Julie | Ladismith | 16 Julie | Stanford |
| 2 Julie | Jansenville | 10 Julie | Bonnievale | 17 Julie | Betties Baai |
| 3 Julie | Willowmore | 11 Julie | Ceres | | |
| 4 Julie | George | 12 Julie | Wellington | | |
| 5-7 Julie | Volmoed | 13-14 Julie | Caledon | | |



# BOODSKAP VAN DIE TOERPA'S

Atlete vir Christus funksioneer nou al vir meer as 40 jaar vanuit die NG Studentegemeente Stellenbosch (Tans Kruiskerk). Die naam Atlete vir Christus beskryf presies hoe hierdie groep studente hulle roeping verstaan - "ons hardloop, sing en gesels Christus."

Hierdie groep van 22 studente gebruik hulle gawes van sang en hardloop (uithouvermoë) om dissipels van Jesus te wees in 'n wêreld wat Jesus baie nodig het. Groot dele van die wêreld is gebroke en omdat Jesus die beste voorbeeld is van liefde, wat omgee vir ander, wil hulle vir Jesus daarin volg. Met Jesus as voorbeeld reik Atlete vir Christus spesifiek uit na mense wat in gevangenisse is. Op ons toer word gevangenisse besoek en fondse ingesamel sodat materiaal ontwikkel kan word sodat die bevrydende boodskap van Jesus Christus vir mense in gevangenisse gebring kan word. Hierdie projek word in samewerking met Bybel Media onderneem.

Oor die jare het hierdie toer-ervaring vir baie studente die geleentheid gegee om geestelik te groei en om draers te wees van die evangelie van Jesus. Die toer gee `n unieke drie weke blootstelling aan die Here se openbaring in die natuur – ons beweeg elke dag deur van die mooiste en mees afgeleë plekke in die land. Dan leef ons in noue kontak met die Here se Woord deurdat o.a. langs die pad Bybelstudies gedoen word! Ons leer mekaar ken en groei soos `n familie, ons leer die goedheid van mense regoor die land ken wanneer ons by gemeentes aankom, ons deel die Here se liefde met almal oppad en ervaar so die varsheid van die lewende water deur ons eie lewe vloei!

Ons is vanjaar twee toerpa's wat elk om 'n deel hierdie marathon met die groep meemaak. Elkeen van ons is ook bevoorreg om 'n seun op toer te hê.

- **Ds Wouter Olivier** (NG La Rochelle Bellville) - "Dit is my eerste blootstelling wat ek het aan hierdie baie unieke geleentheid en my voorreg om die eerste twee weke deel hiervan te wees. Ek sien met opgewondeheid uit hoe die Here ons deur sweet en sang gaan gebruik om iets van sy liefde uit te leef daar waar ons tekkies die teer en stof gaan slaan."
- **Ds Pierre Marais** (NG Ceres) - "Dit is vanjaar my voorreg om vir die laaste week van Atlete se 2019-toer saam met die groep te toer! In 1980 was ek as eerstejaarstudent `n Atleet, daarna kon ek Toerpa wees gedurende 1991 en 2013!"

Ons dank die Here vir elke gemeente en huis wat ons op hierdie toer ontvang. Julle is inderdaad die skare gelowiges wat ons op hierdie marathon ondersteun en aanmoedig om te kan volhard. Mag die Here hierdie toer in elke hart en huis en gemeente waar Atlete aandoen, wonderlik seën!

**AHOE** (Aan Hom Ons Eer)

Dss. Wouter Olivier en Pierre Marais



# BOODSKAP VAN MOEDERGEMEENTE STELLENBOSCH

Ons by Stellenbosch Moedergemeente/Kruiskerk is baie trots op die energie, toewyding en selfloosheid van die studente wat deelneem aan die onderskeie aksies in die gemeente. Tydens die Junie/Julie vakansie is daar hierdie jaar hoofsaaklik vier aksies wat vanuit ons gemeente op uitreike gaan – Lesotho Uitreik, Transkei Werkersaksie, Canticum Novum (kerkkoor) en Atlete vir Christus. Wat my opval, is dat, as iemand hier hul hand opsteek as vrywilliger, hul dit doen vanuit 'n diep oortuiging dat hulle God se medewerkers in sy wêreld is. Ons glo dat elkeen van die aksies gestalte gee aan ons visie (om 'n rivier van lewende water te wees), en studente toerus vir die lewe.

Atlete vir Christus is 'n tradisieryke aksie wat al vir meer as 40 jaar tydens die Junie/Julie vakansie landswyd in verskeie dorpe en stede optree om fondse in te samel vir die bediening aan gevangenes. Dit is 'n diverse groep wat bestaan uit atlete, sanggroeplede en persoonlike werkers wat met passie en oortuiging hul tyd en energie vir die Koninkryk gee.

Ons wil dankie sê dat julle dit vanjaar vir hulle moontlik maak om by julle dorp tuis te gaan – jul gasvryheid en omgee gaan nie ongesiens verby nie! Soos Paulus dit so mooi stel: "Moenie moeg word om goed te doen nie" (2 Tess. 3:11). Ons gebed is dat dit vir julle as gemeenskap 'n diep verrykende ervaring sal wees om saam met hierdie groep tyd te spandeer.

Groete in Christus
**Irénée Heyns**




Predikante:
Stellenbosch Moedergemeente | Kruiskerk
Ds. Irénée Heyns Nommer: 083 461 8564
Epos adres: irenee@moederkerk.co.za.

# SPAN INLIGTING - LEIERS



### ANGELIQUE OLIVIER

Angelique is in Kathu in die Noord-Kaap gebore. Later het hulle gesin Somerset-West toe verhuis waar sy groot geword het . Hierdie jaar is haar derde Atlete toer. In haar eerste twee jaar het sy saamgetoer as 'n persoonlike werke. Hierdie jaar gaan sy saam as spanma. Sy is tans 'n derde jaar Aktuariële wetenskap student . "My droom is dat hierdie jaar vir al die lede van die span asook die mense met wie ons in aanraking gaan kom 'n ongelooflike ervaring sal wees. Dat elkeen in die oomblik sal leef en in die klein alledaagse goed iets van God se liefde sal ervaar." Hierdie jaar neem sy die rol van spanma op toer.



### HENRI BLIGNAUT

"Huidiglik is ek 'n tweede jaar siviele ingenieurswese student by die universiteit van Stellenbosch en ek gaan hierdie jaar my derde toer van Atlete vir Christus aanpak.

In my eerste jaar het ek vir die toer aansoek gedoen die oomblik toe ek daarvan gehoor het. Die idee daarvan om my liefde vir atletiek en vir die Here te kon kombineer het vir my net perfek geklink. En dit is hoe die eerste twee toere vir my was. Atlete vir Christus was vir my 'n geleentheid waar ek net myself kon wees saam met 22 van my nuwe beste vriende, deur die land saam met hulle kon draf en elke oomblik van die dag die Here se genade kon ervaar.

Atlete vir Christus het oor die laaste twee jaar 'n groot impak op my lewe gehad en vir my ervaringe gegee wat ek vir niks sal verruil nie, my doel met vanjaar as leier is om al die goeie aspekte van my eerste twee toere te kombineer en so vir die span die beste moontlike ervaring te gee."




### LISE BRUWER



Lise is oorspronklik in Somerset Wes gebore, maar het grootgeword in Centurion, Pretoria. Sy studeer tans BRekeningkunde, derde jaar, aan die Universiteit Stellenbosch. "Dit is 'n voorreg om met so 'n opregte en talentvolle groep mense te kan werk. Alles word tot eer van die Here gedoen en my hoop is dat ons op hierdie toer ook deur sang mense se harte sal kan oopmaak vir die Here."

# SPAN INLIGTING - BUSBESTUURDER

### SHAWN VAN ZYL




Oom Shawn is hierdie jaar vir die 6de keer deel van die Atlete vir Christus groep. Hy bestuur al vanaf 2014 die bus vir die span. Hy en sy vrou woon in Kuilsrivier. "Ek geniet dit om saam met 'n wonderlike groep jong mense, wat groot opofferings maak, vir 'n goeie doel te kan uitreik jaarliks, pragtige plekke te sien en wonderlike mense op die paaie te ontmoet, en God se handewerk in dit alles te sien."

## TOERPA'S



**WOUTER OLIVIER**
Bellville
1ste toer



**PIERRE MARAIS**
Ceres
4de toer

## SPANMA



**ANGELIQUE OLIVIER**
Somerset Wes
BCom (Aktuariele wetenskappe) | 3de toer

## SPAN INLIGTING - ATLETE



**HENRI BLIGNAUT**
Strand
BIng (Siviel)
3de toer



**LOUIS FOURIE**
Middelburg
Bsc (Agric)
2de toer



**SCHALK JOUBERT**
Bellville
BA (Sport Wetenskap)
2de toer





**NICO OLIVIER**
Bellville | BSc (Menslike Lewenswetenskap)|
2de toer



**ANÉ BRINK**
Rawsonville | BIng (Bedryfsingenieurswese)
1ste toer



**ANNAMIE STRYDOM**
Langebaan | BSc (Menslikewetenskappe)
3de toer



**LILLY LACOCK**
Worcester | BA (Geesteswetenskappe)
1ste toer



**LOZAAN VAN SCHALKWYK**
Wellington
BRek
1ste toer



**LUHAN VAN WYK**
Wellington
BSc (Veekunde)
1ste toer



**MIAS MARAIS**
Ceres
Medies
1ste toer

## SPAN INLIGTING - SANGGROEP



**ANNELIZE VISSER**
Langebaan
BSc (Menslikewetenskappe)
1ste toer



**BERTMARI KRAAY**
Durbanville | BSc (Molekulêre Biologie en Biotegnologie)
2de toer



**RIAAN KLEYN**
George
BIng (Bedryfs)
3de toer



**LOMBARD BASSON**
Stellenbosch
BCom (Bestuursrek)
1ste toer



**LISE BRUWER**
Centurion
BRek
1ste toer




**JURIE VENTER**
Mthatha
MIng (Siviel)
2de toer



**ZANÉ WESSELS**
Durbanville | BSc (Menslikewetenskappe)
1ste toer





## SPAN INLIGTING - PERSOONLIKE WERKERS



**JAN-LOUIS DE BRUIJN**
Strand
BIng (Siviel)
2de toer



**KARA BOTHA**
Bellville | BSc (Agric Wingerd en Wynkunde)
1ste toer



**CORNEL THIERSEN**
Zeerust | Nagraadse Onderwys Sertifikaat
2de toer



**PIETER BOTHA**
Wellington | BSc (Landbou Ekonomie en Hortologie)
1ste toer








ATLETE VIR CHRISTUS
Ons hardloop, sing en gesels Christus















Finish



# SANGGROEP REPERTORIUM

## NO LONGER SLAVES

You unravel me, with a melody
You surround me with a song
Of deliverance, from my enemies
Till all my fears are gone
I'm no longer a slave to fear
I am a child of God
I'm no longer a slave to fear
I am a child of God
From my mother's womb
You have chosen me
Love has called my name
I've been born again, into a family
Your blood flows through my veins
I'm no longer a slave to fear
I am a child of God
I'm no longer a slave to fear
I am a child of God
I'm no longer a slave to fear
I am a child of God
I'm no longer a slave to fear
I am a child of God
I am surrounded
By the arms of the father
I am surrounded
By songs of deliverance



## SOOS 'N WILDSBOK

Soos 'n wildsbok wat smag na water
smag my siel na U, O Heer
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer

Koor:
U alleen is my bron van krag
In U teenwoordigheid wil ek wag
U alleen is my hartsverlange en ek bring aan U die eer

## NADER MY GOD BY U

1. Nader, my God, by U -
steeds naderby!
Al is daar ook 'n kruis
nodig vir my.
Dan sal my lied nog bly:
nader, my God, by U -
nog naderby!

2. Al is ek ver op reis,
dwaal ek alleen;
al moet ook snags my hoof
rus op 'n steen;
dan bring my drome my
nader, my God, by U -
nog naderby!


## AANDGESANG

Aan U, o God, my dankgesange –
U wil ek in my aandlied prys!
Al kwyn die sonlig teen die hange,
U lig, my Lig, sal hoër rys.
U lig, my Lig, sal hoër rys.
U het my met U guns versadig
En as 'n Vader my beskerm;
Met seëninge so mildadig
U dag en nag oor my ontferm.
U dag en nag oor my ontferm.
Ek weet aan wie'k my toevertrou het,
Al wissel dan ook dag en nag;
Ek ken die Rots op wie'k gebou het,
Van wie ek al my heil verwag.
Van wie ek al my heil verwag.
Eens aan die awend van my lewe
Sal ek, van sorg en moeite vry,
Vir elke dag my hier gegewe,
U hoër, reiner loflied wy.
U hoër, reiner loflied wy.

## COME HOLY SPIRIT UTHANDO

Come Holy Spirit
Move among us
Come Holy Spirit
Flow Living Water
Flow within us
Flow Living Water
Come Holy Spirit
Move among us
Come Holy Spirit
Flow Living Water
Flow within us
Flow Living Water
Your Love is alive
Breaking the darkness
It's bringing the Light
To soften the heart of stone
Your Love is alive
Breaking the darkness
And winning the fight
And bringing the orphan home
Uthando uthando
Lwakho lwakho
Luyaphila luyaphila
Umbuso umbuso
Wakho wakho
Uyaphila, uyaphila





## U'S MY GOD

Die wat wag in die redding van die Here

Vind hul rus in die skadu van die heilige God

Die Almagtige

Ek sal sê

die Here is my vesting

Ek sal sê die

Here is my toevlug en krag

My God wie ek vertrou

U's my God, ek vertrou U grote Naam

Die wat glo, sal U nooit ooit beskaam

My God in wie ek glo

Op U sal ek vertrou

In donker tye as geloof en hoop getoets word

En alles wat bekend is in in oomblik verdwyn

Bly U getrou

Halleluja (x4)

My God in wie ek glo

Op U sal ek vertrou



